Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 1, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# VIËTNAM: 'N BLOEDIGE LEERSKOOL

**Lt D. Conradie***

**The sudden collapse of South Vietnam on 30 April 1975 came as a surprise to most observers. The general expectation of a 'small' Vietnam centred around Saigon and finally succumbing after years of bitter fighting, proved to be a pipe dream. The Republic of South Vietnam collapsed in a heap of chaos, and brought to an end a war that spanned three decades. It was also the United States of America's first major defeat. This article provides insight into the reasons for the defeat.**

## Inleiding

Die onvoorwaardelike oorgawe van Suid-Viëtnam op 30 April 1975 het die meeste waarnemers verras vanweë die skielikheid en absolute finaliteit daarvan. Die algemene verwagting was dat 'n 'klein Viëtnam' met Saigon as spilpunt vir 'n aantal jare nog kon voortbestaan en eers na 'n hewige stryd sou val. Hiervan het niks gekom nie. Die Republiek van Suid-Viëtnam het soos 'n moeë trekperd ineengestort en in 'n stofwolk van algehele chaos weggesink.

In die aanloop tot hierdie drama het verskeie lande, waaronder Frankryk, Australië en die Verenigde State van Amerika, in verskillende stadia aan die stryd deelgeneem in 'n poging om die kommunistiese aanslag in Suidoos-Asië af te weer. In die proses het die Amerikaners letterlik biljoene dollar, duisende soldate en biljoene dollar se wapentuig in die stryd gewerp. Tog het hulle gefaal. Hierdie neerlaag was 'n groot skok vir die VSA en ander anti-kommunistiese lande en het gelei tot die wanopvatting dat terroristemagte onoorwinlik is. By nadere studie blyk dit egter duidelik dat die anti-kommunistiese magte in beide die Eerste Viëtnamoorlog (1946–1954) en die Tweede Viëtnamoorlog (1958–1975) die stryd van meet af aan verkeerd aangepak het op strategiese, operasionele en politieke vlak.

## Strategie

Die *strategiese vlak* dui hier op die sentrale bevel-en-beheerstrukture en die hoë-vlak besluite wat bepaal hoe die oorlog geveg sal word en wat die uiteindelike doelwit sal wees. Daar kan aangevoer word dat dit ook op hierdie vlak is dat die kern van die Amerikaanse neerlaag onwetend ingebou is.


Die bevel-en-beheerstruktuur van die anti-kommunistiese magte het veel te wense oorgelaat en het deurgaans geen verbetering getoon nie. In beide die gevalle van die Amerikaanse en Suid-Viëtnamese magte was oorsentralisasie in die bevel-en-beheerstruktuur 'n verlammende faktor. Washington het 'n ystere beheer oor die optrede van sy magte uitgeoefen met die gevolg dat die belangrikste besluite geneem is deur persone wat nie eerstehandse kennis van die situasie in Suidoos-Asië gehad het nie. Hul besluitneming is eerder gelei deur politieke invloede tuis. 'n Tipiese voorbeeld was die beperkings wat ten opsigte van teikens in Noord-Viëtnam op die Amerikaanse Lugmag geplaas is.

Die Suid-Viëtnamese oorlogspoging is deur dieselfde probleem lamgelê. Die Suid-Viëtnamese premier Ngo Dinh Dien het streng beheer oor operasies uitgeoefen omdat hy ongevalle tot 'n minimum wou besnoei. In die praktyk het dit meegebring dat die Suid-Viëtnamese aanvoerders die vyand halfhartig gekonfronteer het aangesien ongevalle tot hul afdanking kon lei.

'n Verdere leemte was geleë in die feit dat die VSA nie volle beheer oor militêre operasies en die Suid-Viëtnamese magte gehad het nie. Die besit hiervan sou effektiwiteit onteenseglik verhoog het. Eenheid van bevel en beheer is uiters belangrik.

Geen land behoort tot 'n oorlog toe te tree nie indien onduidelikheid bestaan oor die redes daarvoor en as die bereidwiligheid om dit end-uit te voer, ontbreek. *Aan 'n duidelike doel het dit die VSA ontbreek*; daarvan is die strategie van 'n 'geleidelik eskalering' en 'uitputting' 'n bewys. Die VSA het té laat besef dat 'n 'geleidelike eskalering' nie suksesvol is nie. Die geleidelike intensifering van die Amerikaanse optrede teen Noord-Viëtnam het laasgenoemde in staat gestel om met verdrag daarby aan te pas. Die Terroriste kon dus uithou en in die proses het hul selfvertroue gestyg. 'Operation Linebacker II' (Desember 1972) was 'n korttermyn afwyking van die strategie van geleidelikheid en is met

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 1, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



***Die Amerikaanse Lugmag in aksie oor Noord Vietnam. Politieke Beperkings het die VSA egter van sy oorweldigende Lugvuis se effektiwiteit beroof.***


sukses bekroon. Die skielike, aanhoudende, grootskaalse lugbombardement van Noord-Viëtnam het die kommuniste se vermoë om aanslae te 'absorbeer', totaal oorweldig en hulle tot die onderhandelingstafel gedwing. Dit was egter ook 'n slim politieke set aan hulle kant, want daardeur het hulle die Amerikaanse lugaanvalle tot stilstand gebring en kans gekry om te herstel.

Ten opsigte van eie vermoëns het die Amerikaanse strateë hulle blind gestaar teen die oorweldigende industriële finansiële en militêre mag van die VSA teenoor dié van die onderontwikkelde Noord-Viëtnam en die Viëtkong-insurgente. Deur die strategie van 'geleidelike eskalering' het die Amerikaners hulself van hul militêre oormag beroof, maar die Amerikaanse strateë het ook *die nie-tasbare elemente* van eie vermoëns en dié van die vyand geïgnoreer.

'n Strategie van 'uitputting' berus nie net op finansiële en industriële mag nie, maar ook op die geestelike wilskrag en vermoë van 'n gemeenskap om 'n uitgerekte en duur oorlog te kan verduur. Die vermoë van die Westerse demokrasieë om dié soort oorlog te verduur, word bevraagteken. Onder toestande van *algemene oorlog* waar *nasionale oorlewing* ter sprake is, kan Westerse demokrasieë wondere verrig; daarvan getuig die rekord van beide Brittanje en Frankryk tydens die twee Wêreldoorloë. Dit is egter tydens *oorloë waar die nasionale voortbestaan oëskynlik nie bedreig word nie* dat die Westerse demokrasieë nie goed presteer nie. Daarvan getuig die ondervinding van Frankryk in Suidoos-Asië en Algerië, Brittanje in Palestina en die VSA in Viëtnam. Dieselfde patroon ontwikkel deurentyd: aanvanklike openbare steun, uitgerekte stryd sonder resultaat, verminderde openbare steun, verandering in die regering en onttrekking. Waar die deursnee Amerikaner homself in hierdie situasie bevind het, was die toestand vir die Noord-Viëtnamees net omgekeerd. Hy het geveg *in* 'n gebied *waar* hy gebore is en wat hy as *sý* land beskou het. Gepaard hiermee vind ons die motivering van doelgerigte leierskap onder Ho Chi Minh en Vo Nquyen Giap; die ideaal om Viëtnam te verenig en die sisteem van totale beheer oor die individu wat deur die kommunistiese regeringsvorm aan hul leiers verskaf is. Bykomend was daar nog die politieke en logistieke steun van die USSR en die Sjinese Volksrepubliek aan Noord-Viëtnam en die insurgente.

'n Verder nie-tasbare element wat die VSA óf totaal geignoreer het, óf as nie van veel belang beskou het nie, was die wil van die Suid-Viëtna-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 1, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



***Ho Chi Mink. Sy doelgerigte leierskap het as 'n sterk motiveringsbasis vir die kommunistiese magte gedien.***

mese bevolking om die aanslag op die Noorde te weerstaan. Inderdaad was die bevolking van Suid-Viëtnam glad nie 'n nasie in die ware sin van die woord nie. Dit het aan die meeste elemente van nasieskap ontbreek. Dit het kunsmatig totstand gekom deur 'n ongelukkige sameloop van omstandighede. Osgood, in *'The Counterinsurgency Era: U.S. Doctrines and Performance'* beskryf die bevolking in Suid-Viëtnam as 'a fractured society with no experience in self-government and no unifying traditions or sense of nationality, governed by urban elites remote from the village and peasantry, dependent in an incompetent civil service and an untrustworthy army'.

Hierteenoor het die Noord-Viëtnamees as 'n gedissiplineerde en gedetermineerde teenstander gestaan, met 'n ideologie wat aangepas is by sy politieke kultuur en gebrei deur tien jaar van rewolusionêre oorlog teen Frankryk.

In hierdie oorlog sou die VSA leer, soos menige ander in die geskiedenis van oorlogvoering dat *'n swak, onbetroubare bondgenoot 'n meulsteen om die nek is.*

'n Finale punt van belang op hierdie vlak is die *ontoereikendheid van die Amerikaanse* magte vir dié tipe oorlog. Amerikaanse toerusting, taktiek en oriëntasie was gemik op 'n konvensionele stryd in Europa.

## Operasionele taktiek

Alhoewel die Amerikaanse magte in die algemeen onder moeilike omstandighede tog goed geveg het, het nog meer probleme op die *operasionele vlak* opgeduik. Oplossings was in sommige gevalle oneffektief en het operasionele effektiwiteit benadeel.

Op die slagveld moes die Amerikaners hulle taktiese doktrine noodwendig verander. Georiënteer en opgelei vir konvensionele oorlogvoering met beslissende veldslae, moes die Amerikaanse soldaat keer-op-keer uitvind dat die Viëtkong nie tot 'n beslissende slag gedwing kon word nie. Viëtminh-taktiek van die vyftigerjare het die beginsel gehandhaaf dat *slegs geveg word indien oorwinning verseker is*. Die Viëtkong het dit streng nagevolg.

Die veranderde omstandighede het die Amerikaners gedwing om meer te konsentreer op die leierskap van junior en onderoffisiere aangesien in kleiner groepe geopereer is. Die meer senior range se vryheid van optrede is egter benadeel deur die strenge beheer vanaf Washington. Die Leër se rotasiesisteem het die bevelstruktuur op kompanie- en bataljonvlak verswak. Offisiere het slegs 'n jaar in Viëtnam diens gedoen en is dan teruggestuur. Die gevolg was dat daar aanhoudend 'n gebrek aan operasionele kundigheid was. Moreel en gevegseffektiwiteit het 'n groot knou gekry vanweë die beleid om individue te roteer en nie hele eenhede nie. Eenheidssamehorigheid word verkry deur wedersydse vertroue in mekaar. In sy studie *'Men Against Fire'* verduidelik Marshall die verskynsel as volg:

> 'It should not be expected that pride in uniform or belief in a National cause are of themselves sufficient to make a soldier steadfast in danger and persuade him to give a good personal account of himself in battle ... the tactical unity of men working together in combat will be in the ration of their knowledge and sympathetic understanding of each other. Lacking these things, though they be well-trained soldiers, they are not likely to adhere. There is an inherent unwillingness of the soldier to risk danger on behalf of men with whom he has no social identity'.

Die Amerikaanse Leër het hierdie beginsel nie gehandhaaf nie wat meegebring het dat sterk, taktiese eenhede nie opgebou kon word nie. Reserwemagte kon 'n belangrike rol gespeel het in die behoud van openbare steun. Die VSA het egter min van hierdie eenhede in die oorlog gebruik. Deelname deur plaaslike eenhede sou die steun van hul tuisdorpe gewerf en aan die oorlog 'n meer 'nasionale karakter' gegee het.

'n Verdere struikelblok was 'n onvermoë om kwaliteit en doeltreffendheid in die Amerikaanse magte te behou, 'n algemene probleem in uitputtingsoorloë. Gevolglik is die periodes van opleiding verkort wat tot 'n ineenstorting van dissipline en 'n afname in gevegseffektiwiteit gelei het.

In die aanwending van sy lugmag het die VSA sy slaankrag vermors deur sporadies en onder streng beperkings teikens in Noord-Viëtnam aan te val. Dié soort taktiek kon Hanoi se infrastruktuur nie sodanig vernietig dat dit hul oorlogspoging ontwrig het nie. Dit is dan ook vanweë dié feit en Amerikaanse verklarings dat Noord-Viëtnam nie ingeval sou word nie, dat die Demokratiese Republiek van Viëtnam (DRVN) die oorlog met soveel vertroue kon voortsit. Die voortbestaan van die teikenstaat was dus nooit werklik bedreig nie. Ten spyte van al dié foute wat op die ander vlakke begaan is, was die Amerikaanse militêre poging tog relatief suksesvol. Dit was egter op die *politieke vlak* dat die VSA sy grootste neerlaag gelei het.



***Slagoffers van die Viëtkong. Die wandade van die terroriste het baie minder dekking in die Amerikaanse pers gekry; terwyl enkele Amerikaanse vergrype vanweë die sensasionaliteit daarvan, heeltemal buite verband geruk is.***

## Politieke determinante

In hierdie verband het die media prominent vertoon. Die probleem lê daarin dat die joernalistiek deesdae konsentreer op die 'ontbloting' van sensasionele gebeure. Die gevolg was dat die media enkele Amerikaanse vergrype heeltemal buite verband geruk het terwyl kommunistiese wandade in die algemeen minder dekking gekry het. Die pers was dan ook 'n nuttige skaal waarmee die Noord-Viëtnamese die Amerikaanse moreel en gewilligheid om die oorlog voort te sit, kon bepaal. Daar kan egter nie aangevoer word dat negatiewe beriggewing alleen die Amerikaanse bevolking teen deelname aan die oorlog beïnvloed het nie.

Die Viëtnamoorlog het ook die vraag, 'wat motiveer 'n nasie om te veg?' laat opduik. Dit hou verband met die manier waarop dié land betrokke geraak het, maw die vraag of dit 'n *moreel geregverdigde stryd is.* In die Amerikaanse gemoed was daar *geen politieke regverdiging* vir die VSA se deelname nie. Politieke konsensus het dus ontbreek.

Die natuur van die VSA se bondgenoot, Suid-Viëtnam het baie bygedra tot hierdie siening. Die geskiedenis het bewys dat die deursnee Amerikaner gewillig is om 'n dapper, selfversekerde, selfopofferende en doeltreffende bondgenoot te steun (vgl in die verband Brittanje tydens WOII en Israel). Geeneen van hierdie faktore was egter teenwoordig by Suid-Viëtnam nie. Huiwering, korrupsie en onbevoegdheid was die noodwendige gevolg en geen mate van openbare skakelwerk kon die bevolking van die VSA anders oortuig nie.

In Suidoos-Asië self het die VSA gepoog om 'n politieke doelwit met militêre mag te verwesenlik, maw dit was 'n poging om die gebreke van die oneffektiewe regering in Saigon met militêre mag aan te vul. Pasifikasie- operasies het jammerlik min aandag geniet. Die fokus was op die slagveld en statistiek. Die sielkundige aspek is agterweë gelaat:

> 'During years of intense fighting in Quang Nam province the U.S. Marines has won most of the battles, but they had been un-



***Suid-Viëtnamese valskermsoldate. Sterk twyfel oor die wil om te veg van die Suid-Viëtnamese weermag het ook 'n negatiewe invloed op die Amerikaners gehad. Hierdie twyfel is uiteindelik bevestig met die skielike ineenstorting van 1975.***

able to achieve ... the object which lay beyond the war – the allegiance of the people of South Vietnam to their own government, which alone could guarantee final victory'. (Guenter Lewy in *America in Vietnam*)

Waar pasifikasie- operasies toegepas was, is dit met groot sukses bekroon. Viëtnamese self is gebruik in die operasies en in sulke distrikte het die invloed van die Viëtkong merkbaar getaan. Die resep vir sukses – 'n gekombineerde militêre en siviele aksie – was dus daar dog die balans tussen die twee was egter buite verhouding. Die finale lesse uit die Viëtnamoorlog is betekenisvol en laat heelwat stof tot nadenke.

Die skielike ineenstorting van Suid-Viëtnam het getoon dat die fondamente van die politieke en militêre suksesse van 1969–1971 swak was. Die grootte van Suid-Viëtnam se weermag was nie 'n betroubare maatstaf van sy kwaliteit in leiers en gevegsvermoë nie. In hierdie verband kan die optrede van die Suid-Viëtnamese weermag as 'n spieëlbeeld van wat werklik in die harte van die Suid-Viëtnamese bevolking aan die gang was, vertolk word.


Ten spyte van die suksesse van die pasifikasieprogram tov verbeterde materiële toestande, het



***Die pasifikasieprogram in aksie. 'n Put in 'n 'New Life' dorpie. Verbeterde materiële toestande het wel insurgensie teengewerk, maar die langtermyn oogmerk – nasionale solidariteit – is nooit bereik nie***




*Protesoptogte in die VSA het die onwilligheid van die Amerikaanse volk om aan 'n verafgeleë oorlog ten gunste van 'n onbetroubare bondgenoot deel te neem, getoon. Gemoedere is egter ook opgesweep deur verdraaide beriggewing in die Amerikaanse nuusmedia.*



*Die laaste offensief. Noord-Viëtnamese artillerie in aksie. Die wil om te veg en die uithouvermoë van die Noord-Viëtnamese soldate en die Viëtkong terroriste is pal onderskat.*

die langtermyn oogmerk – nasionale solidariteit – misluk. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die regering in Saigon die beeld van 'n verwesterse, elite liggaam, afhanklik van Amerikaanse militêre en finansiële hulp tot die einde toe behou het. Saigon se steun het gekom uit 'n minderheid in die bevolking: die Katolieke, die militêr en die hoër klas. Die pasifikasiepoging het wel insurgensie teengewerk, maar die steun van die massa kon nie verwerf word nie.

In die VSA self het die regering se nasionale doelwit nie met die nasie se nasionale doelwit gestrook nie. Op die uiteinde het die Amerikaanse volk self besluit of die VSA se belange in Suidoos-Asië die prys geregverdig het.

## Slotsom

Die diverse karakter van moderne oorlogvoering het duidelik in Viëtnam aan die lig gekom. Die aanname dat 'n aanslag wat op die militêre vlak selfs 'n konvensionele aangesig kry, effektief op konvensionele wyse die hoof gebied kan word, is verkeerd bewys. Die VSA wou hierdie oorlog slegs deur 'n oormag van militêre wapentuig besleg onderwyl die werklike stryd op politieke en sielkundige vlak gevoer is.

Die Amerikaanse voorligtingsprogramme het 'n uiters ondergeskikte rol gespeel teenoor die voorrang wat militêre optredes geniet het. Die drie teikengroepe, nl die Amerikaanse volk, die eie magte en die Suid-Viëtnamese bevolking is nie bereik nie. Aan die vierde teikengroep, nl die vyand, is relatief min aandag gegee.

Dit is ook duidelik dat die sielkundige beïnvloeding van die plaaslike bevolking in ontwikkelingsprogramme min aandag geniet het. In hierdie opsig is min gedoen om verskillende kulturele entiteite in 'n politieke eenheid met dieslefde nasionale aspirasies saam te snoer.

Die rol wat die Amerikaanse en internasionale media gespeel het, kan nouliks oorbeklemtoon word. Vir die vyand het hierdie media 'n vyfde kolonne en 'n gerieflike voertuig geword vir die bedryf van 'n sielkundige en politieke oorlog teen die Amerikaanse oorlogspoging. Die Amerikaanse volk is sielkundig beïnvloed om afsydig teenoor die oorlog te staan terwyl die Amerikaanse magte in Viëtnam 'n politieke speelbal in Washington en die VVO geword het.

* Lt D. Conradie, BA, is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

### Bibliografie


1. The Vietnam War: The Illustrated History of the Conflict in East Asia, 1979, London.
2. Air University Review, Vol 34 No. 2, 1983, pp 58–72, Venanzi, Lt Col G.S., Democracy and Protracted War: The Impact of Television.
3. Army, Vol 32 No. 7, July 1982, pp 48–53, McCollum, J.K., Cords: Matrix for Peace in Vietnam.
4. Army Quarterly and Defence Journal, Vol 112 No. 2, April 1982, pp 160–165, Haggerty, Col J.J., The Perceived Lessons of History.
5. International Security, Vol 7 No.2, 1982, pp 83–113, Rosen, S.P., Vietnam and the American Theory of Limited War.
6. ISSUP, January 1983, pp 11–27. Potgieter, H.P., The Strategy of Vo Nguyen Giap.
7. Marine Corps Gazette, Vol 67 No. 1, 1983, pp 50–56, Admire, Lt Col J.H., Understanding Limited War.
8. Marine Corps Gazette, Vol 67 No. 1, 1983, pp 57–65, Cancian, Capt M.F., Future Conflict and the Lessons of Vietnam.
9. Military Affairs, Vol 46 No. 2, April 1982, pp 57–63, Herring, G.C., American Strategy in Vietnam: The Postwar Debate.
10. Parameters, Vol 11 No. 2, June 1981, pp 28–36, Stuart, D.B., The Fall of Vietnam: A Soldier's Retrospection.